



**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2022**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1  
NASIENRIGLYN  
(EKSEMPLAAR)**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

---

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

---

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

- Spel- en taalfoute word NIE gepenaliseer NIE omdat die fokus op begrip is.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word GEEN punt toegeken vir JA / NEE, EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE / WAAR / ONWAAR of FEIT / MENING nie. Die rede / motivering verdien die punt.
- Waar eenwoordantwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE / DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, word SLEGS die eerste TWEE / DRIE nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN / OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**Of soortgelyk aan bogenoemde** beteken 'n sinoniem van die voorgestelde antwoord op die nasienriglyn.

**AFDELING A****VRAAG 1****TEKS A**

VRAAG	ANTWOORD		PUNT
1.1	Rusland		(1)
1.2	Hy het die SA-landsvlag op sy (blou) oorpak gehad.		(1)
1.3	Sojoez (tuig)		(1)
1.4	Mark se ruimte-avontuur het op 25 April 2002 begin en 5 Mei geëindig		(1)
1.5	1.5.1	ruimtestasie wat vir alle lande van belang is	(1)
	1.5.2	Internasionale (Ruimtestasie)	(1)
1.6	Internet is eers teen die einde van die 1990's ontwikkel./Daar was nog nie internet toe hy jonk was nie.		(1)
1.7	Dit het sy belangstelling in tegnologie aangewakker./Hy het in rekenaartegnologie begin belangstel.		(1)
1.8	1.8.1	Konnotatief	(1)
	1.8.2	Dit beklemtoon hoeveel geld hy het./Die toegangsgeld was min vir hom./Hy het nie gesukkel om die geld te betaal nie.	(1)

1.9	Hy het sy graad in finansies gekry. ✓ Hy was gefassineer deur die internet en die veranderings wat dit in die besigheidswêreld kon bring. ✓		(2)
1.10	Hulle het Thawte Consulting/sy besigheid gekoop.		(1)
1.11	Daar was baie om te leer./Hy moes fiks raak./ Hy het niks van ruimtereise geweet nie.		(1)
1.12	Hy kon die mense in die ruimtetuig verstaan./Hy kon gesprekke tussen die kaptein en grondbemannings volg./Hy moes saam met Russe in die ruimtetuig werk./Hy is in Rusland opgelei en moes die taal verstaan.		(1)
1.13	verskeie		(1)
1.14	B Hy's baie trots		(1)
1.15	Dit is regstreeks op Suid-Afrikaanse TV uitgesaai. (Nie duiende het in die Vrystaat-Stadion gekyk nie: hier het hulle na die gesprek tussen Thabo Mbeki en Mark Shuttleworth gekyk)		(1)
1.16	Hulle skryf sagteware om skole in ontwikkelende lande te help.		(1)
1.17	Hy het 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van Kaapstad ontvang.		(1)
1.18	1.18.1	D – Welkom	(1)
	1.18.2	A – Opleidingsentrum	(1)
	1.18.3	B – Ruimtestasie	(1)
1.19	Na iemand wat uit Afrika kom/in Afrika gebore is.		(1)
			<b>[24]</b>
<b>TEKS B</b>			
1.20	mense wat getoets is		(1)
1.21	50 230 (mense)		(1)
1.22	82 (nuwe gevalle)		(1)
1.23	Noordelike (streek)		(1)
1.24	Witzenberg		(1)
1.25	Die grafika handel oor die COVID-19-virus./Dis 'n teken vir die COVID-19-virus.		(1)
			<b>[6]</b>
<b>TOTAAL AFDELING A:</b>			<b>30</b>

**AFDELING B: OPSOMMING (TEKS C)****ALGEMEEN**

- Kandidate moet volsinne skryf. Indien 'n werkwoord kort, is dit nie meer 'n volsin nie.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting volgens die getal woorde wat dit voorstel getel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne van die paragraaf nagesien.

**LET DAAROP DAT DIE OPSOMMING MEER AS EEN MOONTLIKHEID BINNE 'n PARAGRAAF BEVAT. DIE NASIENER MOET DUS NOUKEURIG LEES!**

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR NIE-DIREKTE AANHALINGS:**

**Die hoofgedagte moet in 'n volsin aangebied word.**

**Punte**

1–3 feite korrek – 1 punt

4–5 feite korrek – 2 punte

6–7 feite korrek – 3 punte

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR DIREKTE AANHALINGS:**

**Die hoofgedagte moet in 'n volsin aangebied word.**

**Punte**

6-7 aanhalings – geen punte vir taal

1-5 aanhalings – 1 punt vir taal

**LET WEL**

**Woordtelling:** Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.

**Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.**

Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

- **Indien die maksimum woorde oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die maksimum woorde nasien en die res van die opsomming ignoreer.**

## TEKS C

LEER 'n KIND HOE OM GELDSLIM TE WEES.	
DIREKTE AANHALING	<u>MOONTLIKE</u> ANTWOORDE
Geld groei nie op 'n mens se rug nie. Maar hoe kan ons kinders geleer word om geldslim te wees.	<b>Geen</b>
<b>Kry vir die kind 'n spaarvarkie sodat hy vir 'n spesifieke item kan spaar.</b> As dit deurskynend is, kan hy sien hoe die geld meer word en hoe nader hy aan sy doel is. Indien hy nie iets wil koop nie, neem hom en sy spaarvarkie na die bank en <b>maak 'n rekening oop.</b> Dit help hom om meer van spaar te leer en ook hoe sy geld deur die rente kan groei.	<p>1. Leer die kind hoe om geld te spaar as hy iets wil koop./ Kry 'n spaarvarkie vir die kind.</p> <p>2. Maak vir hom 'n bankrekening ook.</p>
<b>Ouer mense moet 'n voorbeeld wees van hoe om met geld te werk.</b> Kinders leer deur na hulle te kyk en hulle geldgewoontes na te aap. Kinders sien dat ouer mense rekeninge betaal en aankope doen deur elektroniese transaksies. <b>Gee die kind geld sodat hy kan sien hoe geld minder word wanneer hy iets koop.</b>	<p>3. Ouer mense moet 'n voorbeeld vir kinders wees.</p> <p>4. 'n Kind moet met geld kan werk./Gee geld vir die kind om te spandeer (sodat hy kan sien hoe dit minder raak).</p>
<b>Leer die kind ook die verskil tussen iets wat hy nodig het en iets wat hy net wil hê.</b> Soms sal die kind swak besluite neem; hoe moeilik ookal, <b>hy moet uit sy foute leer.</b> Die kind moet leer hoe om pryse met mekaar te vergelyk en nie net die eerste ding koop wat hy sien nie. Hy moet ook na advertensies kyk om te sien watter item die goedkoopste is. Daarmee saam moet jy hom leer wat die verskil tussen die kwaliteit van items is wat jy koop. <b>Hy moet weet dat iets wat goedkoop is, nie altyd die beste is nie.</b> Hy moet eerder meer geld aan 'n beter item spandeer.	<p>5. Leer die kind die verskil tussen wat hy moet hê en wat hy wil hê.</p> <p>6. Die kind moet deur sy foute leer.</p> <p>7. Die kind moet leer om die goedkoopste items uit te soek.</p> <p>8. Hy moet leer dat goedkoop nie altyd die beste is nie./Goedkoop koop kan ook duurkoop wees.</p>

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL	
<b>NASIENRIGLYNE</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Spelling vir eenwoord-antwoorde moet korrek wees om punte te verdien.</b></li> <li>• Indien een woord gevra word, bv. die korrekte vorm van die woord tussen hakies, mag die kandidaat die hele sin uitskrif soos dit op die vraestel gegee word. Dis slegs by Leesbegrip en Vraestel 2 waar die kandidaat gepenaliseer word indien die korrekte woord nie uitgelig of onderstreep word nie. Waar daar in Vraestel 1 spesifiek gevra word vir <i>een woord vir...</i>, geld hierdie toeweging nie.</li> <li>• <b>Spelfoute word gepenaliseer waar taalstrukture gevra word.</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Wanneer verlede tyd getoets word, moet <b>ge-</b> as <b>EEN WOORD</b> met die werkwoord geskryf word.</li> <li>○ Wanneer die infinitief getoets word, moet <b>te</b> in verbinding met die infinitief as <b>TWEE WOORDE</b> geskryf word.</li> </ul> </li> <li>• Waar afkortings getoets word, moet die punktuasie en die gebruik van klein- en hoofletters ook korrek wees om 'n punt te verdien.</li> <li>• Vir meervoudigekeusevrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.</li> <li>• LET WEL: Waar advertensie- en strokiesprenttegnieke gevra word, tel taal- en spelfoute nie, tensy dit die betekenis van die sin beïnvloed. LET WEL: waar taalstrukture getoets word, word spelling gepenaliseer.</li> <li>• Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.</li> </ul>	

VRAAG 3		
TEKS D: ADVERTENSIE		
VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1	Tuis	(1)
3.2	Troeteldier	(1)
3.3	A    jou aandag trek.	(1)
3.4	Smaaklik/geurig	(1)
3.5	DBV (geen punte nie)	(1)
3.6	... om gesonde kos te koop	(1)
3.7	teelepeltjie	(1)
3.8	Melk+be+ker	(1)
3.9	Die advertensie handel oor hondkos.	(1)
3.10	(sout)pot	(1)
		<b>[10]</b>

<b>VRAAG 4</b>		
<b>TEKS E: STROKIESPRENT</b>		
<b>VRAAG</b>	<b>ANTWOORD</b>	<b>PUNT</b>
4.1	Neelsie sê dat Jaco sy boek het. Neelsie sê Jaco het sy boek.	(1)
4.2	Hy pouseer sodat meester moet dink. Hy beklemtoon dat sy boeke weg is. Hy wag vir meester se reaksie.	(1)
4.3	My boek is vanoggend deur die hond opgevreet. My boek is vanoggend opgevreet deur die hond.	(1)
4.4	Gesteelde	(1)
4.5	Het iemand my boek uit my tas gesteel?	(1)
4.6	met	(1)
4.7	Die spoeg spat. /Hy wys met sy hand./Sy mond is oop./Hy trek sy oë./Hy wys sy vinger./Sy gesigsuitdrukking./Sy hare staan (reg)op./Hy lyk (smoor)kwaad./Hy skree.	(1)
4.8	Net jammer hy kon nie 'n verskoning aanvaar (het) nie.	(1)
4.9	maak	(1)
4.10	Trap	(1)
		<b>[10]</b>

VRAAG 5		
TEKS F		
VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1.1	Sannie kla by haar man: “Ons buurman soengroet elke oggend sy vrou.”	(1)
5.1.2	haar	(1)
5.1.3	Onderwyseres	(1)
5.1.4	Sê/verduidelik/stel	(1)
5.1.5	As ek vir jou twee appels gee ...	(1)
5.1.6	hy regtig baie dom is.	(1)
5.1.7	ongelukkige	(1)
5.1.8	vier en twintig/vier-en-twintig	(1)
5.1.9	’n Persoon wat alles weet, maar hy weet <b>nie</b> hoe om eksamen te skryf <b>nie</b> . ... hy weet <b>nie</b> hoe om eksamen te skryf <b>nie</b> .	(1)
5.1.10	dokter	(1)
5.1.11	As s.nw. bv. Maak die deur toe, dit is koud. As bw. bv. Hy is deur matriek (geslaag).	(1)
5.1.12	Ek gee ’n R100-beloning aan iemand <b>wat my hond terugbring.</b>	(1)
5.1.13	blondine	(1)
5.1.14	verder	(1)
		<b>[14]</b>



<b>TEKS G</b>		
<b>VRAAG</b>	<b>ANTWOORD</b>	<b>PUNT</b>
5.2.1	blouer	(1)
5.2.2	waatlemoen	(1)
5.2.3	Bagasie	(1)
5.2.4	Die branderplankryer ry elke middag die golwe by Bloubergstrand.	(1)
5.2.5	sambrele	(1)
5.2.6	strandhanddoek	(1)
		<b>[6]</b>
	<b>TOTAAL AFDELING C:</b>	<b>[40]</b>
	<b>GROOTTOTAAL:</b>	<b>[80]</b>